
JOHANNES 13:1-17
Dien
SOOS JESUS

1 Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds
geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van
hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het
sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy
het hulle tot die uiterste toe liefgehad.
2 Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die duiwel het
toe al klaar vir Judas seun van Simon Iskariot op
die gedagte gebring om Jesus te verraai.

*Johannes 13:1–15*

3 Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande
gegee het en dat Hy van God gekom het en na
God teruggaan. 4 Toe het Hy van die tafel af
opgestaan, sy bokleed uitgetrek en ’n handdoek
gevat en om Hom vasgemaak. 5 Daarna het Hy
water in ’n wasskottel gegooi en begin om sy
dissipels se voete te was en dit dan af te droog
met die handdoek wat Hy omgehad het.

*Johannes 13:1–15*

# Prentjie van Verlossing

- Verlaat posisie van eer
- Trek bokleed uit
- Trek kleed van slaaf aan




31"Jy moet die mantel wat saam met die
skouerkleed gedra word, as een stuk blou wolstof
weef. 32In sy middel moet daar 'n opening vir die
kop wees, die gat moet omgeboor wees, sterk
soos 'n pantserhemp, dat dit nie kan skeur nie.
Eksodus 28:31–32


[4]Verder moet hy die gewyde klere van ’n gewone
priester aanhê oor ’n broek en hy moet ’n serp om
sy lyf en ’n tulband op sy kop hê. Dit moet alles
gewyde linneklere wees. Hy moet hom was voor
hy dit aantrek.
Levitikus 16:4


23”Aäron moet dan in die tent van ontmoeting
ingaan en sy linneklere waarmee hy in die
Allerheiligste ingegaan het, uittrek en dit daar
neersit. 24Hy moet hom op ’n gewyde plek gaan
was en sy hoëpriesterlike klere aantrek.
Levitikus 16:23–24


23Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle
sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke
soldaat ’n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat.
Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef.
24Hulle sê toe vir mekaar: ”Ons moet dit nie skeur
nie. Kom ons loot wie dit moet kry.”
Johannes 19:23–24

# Prentjie van Verlossing

- Verlaat posisie van eer
- Trek bokleed uit
- Trek kleed van slaaf aan
- Was dissipels se voete
- Neem die vuil op Homself

6 Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir Hom:
"Here, gaan Ú mý voete was?"
7 En Jesus antwoord hom: "Wat Ek doen, begryp jy
nie nóú nie, maar later sal jy dit verstaan."
8 Maar Petrus sê vir Hom: "U sal in alle ewigheid
nooit my voete was nie!"
Daarop sê Jesus vir hom: "As Ek jou nie was nie,
het jy nie deel aan My nie."
9 Simon Petrus sê toe vir Hom: "Here, dan nie net
my voete nie, maar ook my hande en my gesig."

*Johannes 13:1–15*

10 En Jesus sê vir hom: ”*Hy wat klaar gebad het, is
heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy
voete te was nie*. En julle is nou skoon, maar nie
almal nie.” 11 Jesus het geweet wie Hom sou verraai;
daarom het Hy gesê: ”Julle is nie almal skoon nie.”

Johannes 13:1–15

12 Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed
aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir
hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?
13 Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle
is reg, want Ek is dit.
14 As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan
julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se
voete te was. 15 Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel,
en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook
doen.

*Johannes 13:1–15*



# Prentjie van Verlossing

- Verlaat posisie van eer
- Trek bokleed uit
- Trek kleed van slaaf aan
- Was dissipels se voete
- Neem die vuil op Homself
- Neem weer sy Plek in

12 Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed
aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir
hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?
13 Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle
is reg, want Ek is dit.
14 As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan
julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se
voete te was. 15 Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel,
en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook
doen.

*Johannes 13:1–15*


Om Jesus se
voorbeeld te volg...

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind
het, die aansporing deur die liefde, die
gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel
en meelewing – 2maak dan nou my blydskap
volkome deur eensgesind te wees: een in liefde,
een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit selfsug
of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die
een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie
net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook
aan dié van ander.

*Filippense 2:1–11*

[5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar
ook in Christus Jesus was: [6]Hy wat in die gestalte
van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse
nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem
nie, [7]maar Hy het Homself verneder deur die
gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense
gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,
[8]het Hy Homself verder verneder. Hy was
gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die
kruis.

*Filippense 2:1–11*

9 Daarom het God Hom
ook tot die hoogste eer verhef
en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,
10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die
hemel en op die aarde en onder die aarde is,
die knie sou buig,
11 en elke tong sou erken:
"Jesus Christus is Here!"
tot eer van God die Vader.

*Filippense 2:1–11*


JOHANNES 13:1-17
Dien
SOOS JESUS